

26 Desember

Skrifgedeelte: Lukas 2:1-20

Fokusgedeelte: Lukas 2:14

Eer aan God in die hoogste hemel, vrede op aarde

Hierdie lied is so mooi en paslik in die Kerstyd. 'n Klompie herders in die omgewing van Betlehem het in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou. Hulle was heel moontlik die eienaars wat die skape maklik kon verlaat het. Of hulle gelowiges was, word nie gesê, maar dat hulle 'n buitengewone hemelse boodskap ontvang het, is seker.

Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle en die heerlijkheid van die Here het rondom hulle geskyn. Ons het hier met bo-sintuiglike gebeurtenisse te doen. Hoe lyk 'n engel? Hoe het die herders geweet? Hiermee is ons nog nie klaar met onsekerhede nie. Hoe is die heerlijkheid van die Here? Hier is sprake van koninklike majesteit, goddelikheid glans en 'n skittering. Moses wou graag die heerlijkheid van God sien, maar God het dit nie toegelaat nie. Niemand kan God sien en bly lewe nie.

Skierlik was daar meer engele wat sing. Hulle sing in 'n taal wat die mense kon verstaan. "Eer aan God in die hoogste hemel ..." of baie direk vertaal: "Heerlikheid in die allerhoogste aan God." As ons op aarde niks van die heerlijkheid van die Here kan verstaan nie, des te meer die heerlijkheid van God in die hemele. Die grootheid daarvan gaan alle menslike begrip te bowe! Ons kan nie met ruwe mensehande daaraan vat nie.

Dan volg die verkondiging van die liefde van die Here: "Vrede op aarde." Vrede kan beteken dat daar nie oorlog is nie, of dat daar 'n goeie verhouding tussen mense is, of dat daar rus in jou gemoed voor God kan wees, maar meer nog, dat God met ons in Christus vrede gemaak het.

God se vrede met ons is die belangrikste.

Sing: Skrifberyming 4-4:3, 5

Prof. FN Lion-Cachet (Emeritus)